**Maandag 22 Julie**

| Skrifgedeelte: Johannes 13:1-17 | Fokusgedeelte: Johannes 13:4, 5, 12-14 |
|---|---|

**Was mekaar se voete: Wees bereid om Christus te dien en mekaar te bedien**

Sal jy jou naam opsit op die voetewas-dienslys? Wel, Jesus Christus het self gaan kniel en sy dissipels se voete gaan was! Waar kom die gebruik vandaan?

In Eksodus 30:12-21 lees ons dat die voete gewas moes word in die seremoniële reinigingsproses. In Genesis 18:4 lees ons dat jou voete by gaste gewas is as teken van hoflikheid. Hier in Johannes 13 het ons spesifiek te doen met ’n afskeidsboodskap van Jesus net voor sy kruisdood en opstanding. Hy het sy eie mense verskriklik liefgehad en het swaar afskeid geneem; tog het Hy geweet waarvoor Hy gestuur is.

God se liefde is opreg omdat Hy die verlossing vir ons as mense wil gee. Daarom het hy sy Seun Jesus Christus gestuur om ons wat eintlik verlore moes gaan, te red. Groter liefde kan daar nie wees nie!

In die lig van hierdie liefde kom Jesus en Hy was sy dissipels se voete. Hy bind sy onderkleed op en was een vir een sy dissipels se voete. Jesus wou met die voetewasdaad wys dat Hy gekom het om te dien en roep ons op om Hom te dien en gewillig te wees om mekaar te bedien.

Wat is ons eerste reaksie in ons verhoudinge wanneer dinge skeefloop? Ons wil eerder mekaar se koppe was! Ons wil eerste praat en foute uitwys, nie waar nie? Bid elke dag dat Jesus jou skoon hou en vandag se sondes afwas. Bid om wysheid hoe jy dan iemand anders kan begelei om diep in sy eie lewe te delf met die doel om hom/haar voor God te ontbloot. So gryp God met liefde in en boonop wek Hy wederliefde op. Dit is tog immers wat Jesus gedoen het!

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*